

06 September 2021

Geagte Ouers/Voogde

HANDBOEKE 2022: GRAAD 9 - 12

Hoërskool Randburg se boekwinkel is nie 'n handeldrywende en winsgewende boekwinkel nie, maar bied graag weer 'n handboekdiens aan u. U mag egter by enige privaat leweransier u aankope doen, indien u nie van hierdie diens gebruik wil maak nie.

Wat behels die diens

Vir elke graad is daar 'n graad- en vakgebaseerde handboeklys wat die leerders in 2022 nodig gaan hê. Die handboeklys sluit GDO-boeke in en is duidelik so gemerk.

Verbruikbare voorraad soos skrifte, papier, skryfbehoeftes, ens. word aangedui, maar word nie deur die boekwinkel verskaf nie en kan by enige privaat leweransier aangekoop word. (Sien aanhegsel per graad hierby ingesluit.)

<https://www.hsrandburg.co.za/akademie/inligtingstukke>

Hoe verloop die diens

1. Elektroniesebestelling:

- Voltooi onderstaande skakel vir die **graad waarin leerder in 2022** gaan wees om bestelling elektronies te plaas. U sal 'n e-pos dadelik ontvang met die volledige bestelling en bedrag betaalbaar. Druk dié e-pos uit en handig in by die finansiële kantoor saam met betalingsbewys.

- Graad 9: <https://bit.ly/38GQxr1>
- Graad 10: <https://bit.ly/3zNhXre>
- Graad 11: <https://bit.ly/2H9m2YC>
- Graad 12: <https://bit.ly/2Ea9KG1>

2. Bruikhuur van Gauteng Departement van Onderwys:

- Boeke wat van die Gauteng Departement van Onderwys ontvang is, word aan leerders teen 'n huurfooi van **R300.00** per jaar voorsien. Dié boeke bly die eiendom van die skool en word weer aan die einde van die jaar aan die skool terugbesorg. Geen merke mag in die boeke gemaak word nie. Indien 'n GDO-bruikhuurboek verlore raak of beskadig is, sal die leerder die boek teen die vervangingskoste moet vervang. (Pryse is beskikbaar op die GDO - "Textbook Loan Form").

3. Betaling word op die volgende wyse hanteer:

- Kontant, krediet-, debietkaart of elektroniese betalings kan gemaak word. Hierdie betalings word deur die finansiële kantoor behartig.
- Indien u 'n elektroniese betaling (EFT) maak, moet u so spoedig moontlik die bewys van betaling saam met die bestelvorm (e-pos) by die finansiële kantoor inhandig vir korrekte allokering. Gebruik asb. die volgende verwysing: **BW naam & van van leerder en graad in 2022**.
- **Bankbesonderhede:** Hoërskool Randburg, Absa Randburg (632005)
Rekeningnommer: 170680065

- U **moet** u bestelling en bewys van betaling (kwitansie óf elektroniese betaling) teen **5 November 2021** by die finansiële kantoor inhandig om te verseker dat voorraad beskikbaar sal wees voor die skool in Desember 2021 sluit. **Geen boeklyste sal per faks of e-pos aanvaar word nie.**

4. Lewering van boeke

- Ons aanvaar nie die verantwoordelikheid vir laat aflewering of onvoorsiene gebeure by die leweransiers nie. Daarom moedig ons u aan om u bestelling betyds te plaas.
- U sal per SMS verwittig word, sodra u bestelling gereed is. Ons poog om teen die laaste skooldag van 2021 die handboeke af te handel.
- Die Boekwinkel is slegs tydens skoolure operasioneel (07:30-13:30 - Ma. tot Vry.) tot en met 10 Desember 2021 en sal weer op 10 Januarie 2022 heropen.

5. Afrolpapier

- Hoërskool Randburg versoek asseblief steeds een (1) riem fotostaatpapier van elke leerder vir die nuwe jaar. Help, asseblief!

Dankie vir u begrip en samewerking. Deur van hierdie diens gebruik te maak, word groot besparings teweeg gebring.

Help ons om ú met hierdie diens te help.

Groete.

P Booyen

Hoof

Tel: (011) 782 6226